



Universiteit van Pretoria

NUWE REEKS Nr 281

ISBN 0-86979-758-1

**DOGMATIEK AS KONFESSIONELE EN AKADEMIESE  
DISSCIPLINE: TERUGBLIK EN VOORUITSKOUING**

**PROF C J WETHMAR**



PROF CJ WETHMAR

# VOORSTELLING

Prof. Johannes Wethmar is op 25 Mei 1943 in Johannesburg gebore. Hy is 'n alumnus van die Hoërskool Florida. Gedurende 1962 skryf hy in as 'n student aan die Universiteit van Stellenbosch en behaal agtervolgens die volgende grade, naamlik: BA (1964), BA Honneurs in Grieks (1966), BA Honneurs Filosofie (1968), BTh (1968), MA in Grieks (1969) en die Licentiaat in die Teologie (1969).

In Januarie 1970 vertrek prof. Wethmar na Nederland waar hy teologiese studie aan die Vrije Universiteit te Amsterdam voortset. Hier is hy die doktrinale eksamen, met 'n lof, af in 1972 en behaal die ThD-gradus in 1973.

Vanaf 1965 was prof. Wethmar tydens 'n lang tydperk as assistent in Grieks aan die Universiteit van Stellenbosch betrokke. In 1974 aangestel word in die pos van assistent professor in die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek.

## **DOGMATIEK AS KONFESSIONELE EN AKADEMIESE DISSIPLINE: TERUGBLIK EN VOORUITSKOUING**

Hy dien hy ook as dosent van teologiese skole. In 1981 word hy aangestel as assistent professor in die departement Dogmatiek en Christelike Etiek in die

### **PROF C J WETHMAR**

In 1987 word hy as volle professor benoem tot die departement Dogmatiek en Christelike Etiek. Prof. Wethmar het sedert 1 Februarie 1992 as hoof van die pos verhoed.

Intreerede gelewer op 15 Oktober 1992 by die aanvaarding van die Professoraat in en Hoofskap van die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek, Fakulteit Teologie, Afdeling B, Universiteit van Pretoria.

Prof. Wethmar is 'n lid van die Algemene Kerk, Acta Theologica en die Universiteit van Pretoria Teologiese Studies. Hy is die mede-outor van verskeide boeke en skrywer van 'n hele aantal wetenskaplike artikels.

Hy is betrokke by die werksaamhede van verskillende kommissies van die Algemene Kerk waaronder verskeie die Algemene Kommissie vir die Kerk en Aktuele Sake.

Prof. Wethmar is in 1976 getroud met mev. Muriel Haywood en twee dogters, Mariene en Muriel, is uit die huwelik gebore.

Prof. J. P. Smal  
SE KANSELIER EN REKTOR

## VOORSTELLING

Conrad Johannes Wethmar is op 25 Mei 1943 te Johannesburg gebore. Hy matrikuleer in 1961 aan die Hoërskool Florida. Gedurende 1962 skryf hy in as student aan die Universiteit van Stellenbosch en behaal agtereenvolgens die volgende grade, almal met lof: BA (1964), BA Honneurs in Grieks (1966), BA Honneurs in Filosofie (1968), BTh (1968), MA in Grieks (1969) en die Lisensiaat in die Teologie (1969).

In Januarie 1970 vertrek prof Wethmar na Nederland waar hy sy teologiese studie aan die Vrije Universiteit te Amsterdam voortsit. Hier lê hy die doktorsale eksamen, met lof, af in 1972 en behaal die ThD-graad in 1977.

Gedurende 1965 was prof Wethmar tydelik-deelydse dosent in Grieks aan die Universiteit van Stellenbosch terwyl hy gedurende 1974 aangestel word in die pos van wetenskaplike medewerker aan die Vrije Universiteit te Amsterdam. Vanaf 1 Junie 1977 is hy werksaam as kerklike professor in die dogmatologiese vakke aan die Universiteit van Durban-Westville. Van Julie 1979 tot aan die einde van 1980 dien hy ook as dekaan van laasgenoemde fakulteit. In 1981 word hy aangestel as mede-professor in die departement Dogmatiek en Christelike Etiek in die Fakulteit Teologie (Afdeling B) aan die Universiteit van Pretoria. In 1987 word hy tot volle professor bevorder en na die emeritaatsaanvaarding van prof JA Heyns word prof Wethmar met ingang van 1 Februarie 1992 as hoof van die pas vermelde departement aangestel.

Prof Wethmar dien tans in die redaksie van die **Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif** en in die redaksiekomitees van **Skrif en Kerk**, **Acta Theologica** en die **Universiteit van Pretoria Teologiese Studies**. Hy is die mede-outeur van verskillende boeke en skrywer van 'n hele aantal wetenskaplike artikels.

Hy is betrokke by die werksaamhede van verskillende kommissies van die Nederduitse Gereformeerde Kerk waaronder veral die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake.

Prof Wethmar is in 1978 getroud met mej Muriel Haywood en twee dogters, Marlene en Elize, is uit die huwelik gebore.

Prof P. Smit

WISE-KANSELIER EN REKTOR

**INTREEREDE: PROF C J WETHMAR AS PROFESSOR IN EN HOOF VAN  
DIE DEPARTEMENT DOGMATIEK EN CHRISTELIKE ETIEK,  
FAKULTEIT TEOLOGIE, AFDELING B, UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

15 OKTOBER 1992

**DOGMATIEK AS KONFESSIONELE EN AKADEMIESE DISSIPLINE:  
TERUGBLIK EN VOORUITSKOUING**

Geagte Meneer die Visekanselier en Rektor, Meneer die Viserektor, Meneer die Dekaan van die Fakulteit Teologie (Afd B), Meneer die Voorsitter van die Kuratorium, Kollegas, Dames en Here, 'n intreerede bied nie alleen die geleentheid om fundamentele kwessies in verband met 'n bepaalde vakgebied aan die orde te stel nie dit bied ook die ruimte om in die openbaar waardering te betuig. Vergun my daarom, Meneer die Visekanselier en Rektor om 'n woord van opregte dank aan u persoonlik en deur u aan die Raad van die Universiteit van Pretoria te rig vir die geleentheid wat u aan my bied om die dogmatologiese teologie hier te beoefen. Dit bly vir my steeds 'n groot eer en voorreg. Dat ek my daarby steeds bewus mag wees van die opdrag en ondersteuning van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, geagte Lede van die Kuratorium, stem my tot diepe erkentlikheid. Om in omstandighede te mag werk, Meneer die Dekaan, waar al jou fakulteitskollegas ook jou vriende is, bly vir my 'n groot vreugde. Ek wil ook graag my opregte waardering betuig teenoor my voorganger, professor Johan Heyns vir die toewyding en entoesiasme waarmee hy vir een en twintig jaar lank die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek ontwikkel het. Dit sal vir my 'n blywende uitdaging wees om op hierdie goeie werk voort te bou. En laaste maar beslis nie die minste nie Dames en Here, wil ek elkeen van u bedank wat vanaand hierheen gekom het om hierdie geleentheid mee te maak. Ek waardeer u teenwoordigheid ten seerste.

**I**

Ek kan my goed voorstel dat meer as een akademiese wenkbrou sal lig as iemand in alle erns probeer om die verskynsels dogma en wetenskap met mekaar in verband te bring. Dit is immers 'n onloënbare feit dat in die akademiese spraakgebruik die term "dogma" 'n pejoratiewe konnotasie het omdat dit in verband gebring word met 'n houding van irrasionalistiese geslotenheid vir nugtere argumentasie<sup>1</sup>. Dit skyn dus 'n gegewe te wees wat hoegenaamd nie met 'n vrye wetenskaplike denke versoenbaar is nie. Maar dit is nie alleen vanuit 'n akademiese gesigshoek

dat beswaar teen dogmas ingebring word nie. Selfs in kerklike kringe leef die gedagte dat 'n dogmatiese Christendom in stryd is met 'n spontane en blymoedige Christelikheid<sup>2</sup>. Wie dit dus wil waag om oor die belang van dogmas en die dogmatiek 'n paar opmerkinge te maak, sal eers al sy aandag moet wy aan die vraag waarom die term dogma so 'n negatiewe konnotasie ontwikkel het en of dit noodwendig so moet wees of nie.

Dat die term "dogma" so 'n negatiewe betekenis ontwikkel het, kan waarskynlik, onder andere, daaraan toegeskryf word dat dit wat deur hierdie term aangedui word op 'n gespanne voet te staan gekom het met die fenomeen van die geskiedenis. Die mens wat homself sedert die geesteshistoriese omwenteling wat as die Aufklärung bekend staan nie alleen as 'n mondige en outonome mens nie maar ook as 'n by uitstek historiese wese leer ken het, het die dogma as dogmatisme gaan ervaar en sodoende as 'n bedreiging vir sy vrye selfverwerkliking<sup>3</sup>. Toegespits geformuleer sou 'n mens kon sê dat die gedagte ontstaan het dat dogma en geskiedenis fenomeene is wat mekaar wedersyds uitsluit.

In die teologie van die Aufklärungstyd het by hierdie eerste faktor in die ontwikkeling van 'n dogmabegrip met negatiewe betekenis 'n tweede gekom. En dit was die gedagte dat die dogma 'n verskynsel is wat wesensvreemd is aan die evangelie en die Christelike geloof. Een van die mees prominente verteenwoordigers van hierdie gedagtegang was die bekende dogmahistorikus Adolf von Harnack. Hy was van oordeel dat die kerugma die wyse is waarop die wese van die Christendom optimaal en normatief ter sprake kom. Die vernaamste element in die kerugmabegrip is, volgens Von Harnack, die feit dat dit Jesus as etiese voorbeeld voor oë stel. Die Christendom is 'n godsdiens wat in die eerste instansie met gesindhede en dade te doen het<sup>4</sup>. Jesus is, volgens hom, nie soseer belangrik as 'n historiese persoon nie maar as voorbeeld van 'n religieuse-etiese persoonlikheids-ideaal. Jesus is dus alleen die simbool vir 'n postulaat van die sedelike rede en dus alleen die simbool vir 'n algemene idee<sup>5</sup>. Van hierdie algemene idee, sê Von Harnack, is die dogma slegs 'n histories bepaalde en kontingente uitdrukking wat eers mettertyd ontstaan het en met name veral onder invloed van die Griekse denke op die evangelie. Onder invloed van die grondstruktuur van die Griekse denke gaan dit in die dogma dan om metafisies-ontologiese uitsprake. In die lig van wat Von Harnack as die wesenlik Christelike beskou, moet hy die dogma dan kwalifiseer as 'n ontoereikende uitdrukking van die Christendom en in feite wesensvreemd daaraan.

Samevattend sou dus gesê kon word dat in die teologie van die Aufklärungstyd daar nie alleen tussen die fenomeene dogma en geskiedenis 'n radikale skeiding aangebring is nie maar dat dit ook die geval was met die fenomeene dogma en kerugma. En juis die feit dan dat die dogma van kerugma en geskiedenis

onderskeidelik geïsoleer is, het in sowel die algemene as kerklik-teologiese spraakgebruik daartoe gelei dat die term dogma met negatiewe assosiasies verbonde geraak het.

Die vraag kan nou egter gestel word of hierdie pas beskrewe historiese stand van sake as 'n noodwendige ontwikkeling beskou moet word. Is die verskynsel van die dogma werklik inherent vreemd aan die fenomene van die kerugma en die geskiedenis? Die eerste stap in 'n poging tot beantwoording van hierdie vraag is 'n nadere ondersoek van die term en verskynsel dogma.

## II

Die woord dogma, soos dit in die moderne tale aangetref word, is die onvertaalde en gelatiniseerde transkripsie van die Oud-Griekse woord "dogma". Die selfstandige naamwoord "dogma" sowel as die werkwoord "dokein" waarvan dit afgelei is, het reeds in die klassieke Grieks 'n tweevoudige betekenis gehad, naamlik enersyds "mening" en andersyds "besluit". In die Hellenistiese tydperk word beide hierdie woordbetekenisse, kragtens die "Sitz im Leben" waarin hulle gebruik is, tot min of meer tegniese terme toegespits.

Dogma in die betekenis van "mening" word dan gebruik in die sin van "'n filosofiese visie of leer". Aanvanklik dui die term dogma dan ook nog meer spesifiek op die wysgerige leer van die Stoïsyne. Langsamerhand gaan die term dogma met hierdie laasgenoemde betekenis egter oor in die algemene taalgebruik van die Hellenistiese literatuur sodat dit dan gaan dui op 'n filosofiese visie in die algemeen<sup>6</sup>. In hierdie betekenis van die woord word die term dogma mettertyd deur die Apologete ook ten opsigte van die Christelike leer gebesig. Dit beteken dat die Christelike leer as die filosofie van die Christene beskou word. Hierdie wyse waarop die term dogma gebruik word, sou genoem kon word die subjektiwiteitsaspek in die funksionering van hierdie term.

'n Merkwaardige besonderheid in hierdie verband is nog die feit dat die Griekse term vir "filosofiese skool" in hierdie tydperk die woord "hairesis" was. En aangesien 'n filosofiese skool en die leer wat dit verteenwoordig dikwels geïdentifiseer is, staan ons voor die ironiese feit dat in die derde en vierde eeu van die Christelike jaartelling die terme dogma en heresie dikwels min of meer as sinonieme gebruik is.

In verband met die hier bedoelde subjektiwiteitsaspek in die gebruik van die term dogma moet nog twee gegewens vermeld word wat eventueel van belang kan wees by die evaluering van die teologiese relevansie van die dogmabegrip. Die eerste is dat naas verbondenheid aan 'n bepaalde wysgerige skool die term dogma ook

'n sekere sistematiek impliseer. So gebruik Origenes wat waarskynlik as een van die vroegste dogmatici van die Christelike kerk beskou kan word, die term dogma in die enkelvoud maar met kollektiewe betekenis<sup>7</sup>. Die term dogma dui hier dus die totaliteit van Christelike leerbeskouinge in hulle onderlinge sistematiese verband aan.

Die tweede hier nog te vermelde gegewe dui in 'n heel ander rigting en hang saam met 'n merkwaardige wending wat in die vierdie eeu by Basilius van Caesarea in die dogmabegrip ingetree het. Basilius gebruik naamlik die term "kerugma" om die gedefinieerde en gepubliseerde leer van die kerk aan te dui terwyl "dogmata", volgens hom, dié leerstellinge is wat wel in die kerk gangbaar maar nie op skrif gestel is nie<sup>8</sup>. Ook kan daaronder selfs die rites van die kerk verstaan word. Die "dogmata" behoort tot 'n misterieuse oorlewering. Die begrip dogma kry hier dus 'n mistieke trek wat tot op hede nog kenmerkend is van die Oosterse kerk waarin dogma en liturgie ten nouste met mekaar verbind word.

Dit was juis die hier op verskillende wyses aan die lig tredende subjektiwiteitsaspek in die funksionering van die term dogma waarvolgens dit 'n filosofiese teorie in die algemeen kan aandui en sodoende ook op heterodokse beskouinge toegepas kan word wat hierdie term sedert die vyfde eeu, wat kerk en teologie betref, in onbruik laat verval het. Ander terme wat toe reeds ook in hierdie verband gangbaar was, is toe in die plek van "dogma" gebruik om die normatiewe leer van die kerk aan te dui - terme soos byvoorbeeld "regula fidei" en veral "articulus fidei"<sup>9</sup>.

Soos reeds aangedui, het die term dogma naas "mening" oorspronklik ook die betekenis van "besluit" gehad; naas 'n subjektiwiteitsaspek ook 'n objektiwiteitsaspek. Dogma in die betekenis van "besluit" kom gedurende die Hellenistiese tydperk ook tereg in die Romeins-keiserlike regspraak en dui in hierdie verband op die openlik uitgevaardigde besluite en bevale van die staatsowerheid. Die wyse waarop die term dogma in die Nuwe Testament gebruik word, sluit aan by hierdie juridiese betekenismoontlikheid van die woord - met dié verskil egter dat die juridiese sfeer hier naas die staatsregtelike ook die religieus-etiese en kerkregtelike terrein insluit<sup>10</sup>. Van groot belang vir die teologiese invloed wat die dogmabegrip in sy juridiese gestalte sou uitoefen, is die feit dat wanneer die Christendom staatsgodsdienst word die leerbeslissinge van die kerk ook as wette van die staat beskou word<sup>11</sup>. Die implikasie van hierdie gegewe sal later in hierdie betoeg nader toegelig word.

Daar is reeds daarop gewys dat die term dogma sedert die vyfde eeu steeds meer in onbruik verval as aanduiding van die gesaghebbende kerklike leer. Dit geskied op grond van die subjektiwiteitsaspek wat in die dogmabegrip mede aanwesig was. Maar in die dertiger jare van die vyfde eeu kom ons tog nog 'n gebruik van die term



dogma teen wat uiteindelik van groot belang sou blyk te wees. Dit word aangetref in Vincentius van Lerinum se bekende boek wat as die *Commonitorium* bekendstaan<sup>12</sup>. Die belang van hierdie boek bestaan daarin dat die begrip dogma hier vir die eerste keer in die Christelike tradisie so duidelik omskryf word. Die voorwaarde sê Vincentius op grond waarvan 'n bepaalde oortuiging as 'n dogma beskou kan word, is dat dit orals, altyd en deur almal geglo moes wees. Dit impliseer dat die dogmatiese karakter van 'n uitspraak vasgestel kan word aan die hand van die maatstawwe van algemeenheid, oudheid en die mate van ooreenstemming wat daar veral in die vroeë kerk daarvoor bestaan het. 'n Uitspraak wat aan hierdie vereistes voldoen, beskou Vincentius as 'n openbaringswaarheid wat aan die kerk in die vorm van 'n onvervreembare waarheidsbesit toevertrou is. Maar dan voeg hy aan hierdie omskrywing nog 'n gesigspunt toe, 'n gesigspunt wat 'n beslissende wending sou beteken in die ontwikkeling van die dogmabegrip. Hy skryf naamlik pertinent dat dit van hierdie dogma wat nie verstaan kan word nie geglo moet word<sup>13</sup>. Hier het ons dus 'n duidelike voorbeeld van hoe daar 'n teenstelling tussen die kennis- en gehoorsaamheidselement in die geloof gemaak word en hoe die formele gehoorsaamheid verabsoluteer word.

Hierdie geskrif van Vincentius het sy invloed op die geskiedenis van die dogmabegrip nie aanvanklik in die vyfde eeu laat geld nie. Eers in die tyd van die Reformasie in die sestende eeu word na die dogmabegrip van Vincentius teruggegryp in die Rooms-Katolieke verweer teen wat hulle as die Reformatore se ontoelaatbare vernuwing in die kerklike leer beskou het. Voortaan sou die term "dogma" weer met toenemende frekwensie gebruik word ter aanduiding van die kerklike leer totdat in die negentiende eeu op die eerste Vatikaanse Konsilie 'n dogmabegrip geformuleer word wat beskou kan word as 'n toespitsing en aktualisering van 'n anset wat reeds by Vincentius van Lerinum aanwesig was. Dit is 'n dogmabegrip wat, indien dit gekombineer sou word met 'n maksimalistiese onfeilbaarheidsaanspraak van die kerklike leeramp, sou kon lei tot 'n onhistoriese en dogmatistiese dogmabegrip. Onder 'n onhistoriese dogmabegrip word verstaan 'n dogmabegrip waarvolgens die formuleringe van die dogma eens en vir altyd onveranderlik vasstaan, ook al sou die kultuurhistoriese omstandighede waarin dit tot stand gekom het, vervang word deur ander, daarvan verskillende, omstandighede<sup>14</sup>. Die funksionering van 'n derglike dogmabegrip kan nou inderdaad, byvoorbeeld, vasgestel word in die wyse waarop die leeramp in die Rooms-Katolieke kerk gedurende die huidige eeu eers die "modernisme" en later die "nouvelle théologie" bestry het<sup>15</sup>. Uiteraard was die voorkoms van 'n dogmatistiese dogmabegrip nie tot die Rooms-Katolieke kerk beperk nie maar dit is alleen hier waar dit so 'n amptelike en teoretiese teologiese begronding ontvang het<sup>16</sup>.

Wat is nou die konklusie wat uit hierdie heel kursoriese oorsig oor die ontwik-

kelingsgang van die dogmabegrip getrek kan word? Ten eerste moet gesê word dat dit wat aan die einde van die beskrewende ontwikkeling deur die term dogma aangedui word 'n gegewe is wat wel in die omgewing van 'n dogmatisme verkeer. Hieraan moet dadelik toegevoeg word dat hierdie stand van sake pas eers sedert die negentiende eeu tot stand gekom het.

Wanneer 'n mens die hele ontwikkelingsgang oorsien, moet tweedens gesê word dat die term dogma in die geskiedenis daarvan soveel verskillende betekenisse gehad het dat dit onmoontlik is om aan die term 'n eenduidige betekenis toe te skryf. Hieruit kan die gevolgtrekking gemaak word dat die vanselfsprekendheid waarmee aan dié term 'n eenduidig pejoratiewe en met name dogmatistiese betekenis geheg word, nie in ooreenstemming is met die polivalente betekenis-moontlikheid wat die term wel het nie.

Derdens moet die aandag gevestig word op die belangrike gegewe dat van heel vroeg af ook ander terme gebruik is om dit aan te dui waarvoor later die term dogma na vore gehaal is. Dát dit die geval is, regverdig die vermoede dat die fenomeen van die dogmatiese omvattender is as dit wat oor die algemeen deur die term dogma aangedui word. Dit is denkbaar dat daar in so 'n breë fenomeen van die dogmatiese elemente aanwesig is wat die voortgesette gebruik van dié fenomeen in kerk en teologie regverdig. In 'n poging om 'n hanteerbare term te hê om hierdie wyere verskynsel dogma aan te dui, kan 'n mens gebruik maak van die omskrywende aanduiding "die kategorie van die dogmatiese"<sup>17</sup>.

Na hierdie poging tot begripsverheldering kan tans probeer word om die kategorie van die dogmatiese nader op die spoor te kom deur die vraag wat eerder reeds vermeld is opnuut weer op te neem. Die vraag was of die kategorie van die dogmatiese wel inherent vreemd is aan die wyse waarop die evangelie en die Christelike geloof ter sprake behoort te kom soos byvoorbeeld Von Harnack beweer het. Om nader aan 'n antwoord op hierdie vraag te beweeg, moet dit egter eers anders gestel word. Wanneer in gedagte gehou word dat die Christelike evangelie en die geloof normatief in die Heilige Skrif ter sprake kom, lui hierdie vraag naamlik as volg: word die kategorie van die dogmatiese reeds in die Heilige Skrif aangetref of nie?

### III

Met hierdie vraag is die Sistematiese Teologie voor 'n komplekse probleemveld geplaas. Dit gaan hier naamlik om die problematiek van die sogenaamde "praesymbola". Dit is 'n materie wat uitvoerige aandag ontvang het en nog steeds ontvang binne die kader van twee afsonderlike dissiplines, tewete die ondersoek na die vroeg-Christelike simbole enersyds en die vormhistoriese ondersoek van veral

die Nuwe Testamentiese geskryfte andersyds. In beide hierdie dissiplines word met steeds toenemende verfyning van metodiek vasgestel dat in die Nuwe Testament stereotiep en in vaste vorm geformuleerde formules 'n rol van sekere belang speel<sup>18</sup>. Die wyse waarop hierdie formules in die Nuwe Testament funksioneer, word beskou as 'n antisipasie van die wyse waarop dogmas en belydenisse later in die kerk sou funksioneer. Uiteraard kan die term antisipasie wat hier gebruik word so geïnterpreteer word dat dit op 'n meerdere of mindere mate van òf kontinuïteit òf diskontinuïteit kan dui.

Nogtans kan vasgestel word dat in die huidige stand van ondersoek daar 'n sekere konsensus daarvoor bestaan dat gegewenhede wat tot die fenomeen van die dogmatiese behoort byvoorbeeld vasgeformuleerdheid, stereotipie en 'n riglynkarakter nie vreemd is aan die wyse waarop geloofsuitsprake in die Heilige Skrif self funksioneer nie en dus ook nie in stryd hoef te wees met die wese van geloofsuitsprake nie. Dat dergelike formules in die Skrif self 'n rol speel, impliseer dat die proses waarin geloof en Openbaring op mekaar betrokke is blykbaar steeds as moment daarvan bevat die gebruik van stereotipe formuleringe.

'n Belangrike ontwikkeling in die ondersoek in verband met die "praesymbola" was die vasstelling dat in die Nuwe Testamentiese oorleeringsmateriaal twee basiese grondvorme onderskei moet word, naamlik die *homologie* en die *credo*<sup>19</sup>. Met *credo* word dan bedoel 'n formule waarin 'n bondige beskrywing van die heilswerk van Christus as inhoud van die geloof gebied word. Die *homologie* daarenteen dui nie op 'n inhoudelike beskrywing van die geloof nie, maar op die formulering van 'n konkrete daad van onderwerping aan die Heer van die geloof. In die Nuwe Testament vind die *homologie* uitdrukking in die sogenaamde titelbelydenisse, dit wil sê in die gebruik van een van die Christologiese hoogheids-titels "Christus", "Heer" of "Seun van God" ten opsigte van Jesus.

Hierdie onderskeiding was 'n belangrike stap op die weg na die onderskeiding van verskillende grondstrukture in die kategoriale modus van geloofsuitsprake. Die ontwikkeling wat daarmee op die gebied van die Nuwe Testamentiese eksegetiese plaasgevind het, is vir die Sistematiese Teologie vrugbaar bemaak deur Edmund Schlink wat 'n uitvoerige analise gemaak het van wat hy noem die grondvorme van teologiese uitsprake<sup>20</sup>. In die wyse waarop die geloof in die Ou en Nuwe Testament ter sprake kom, sê Schlink, kan vyf basiese grondvorme onderskei word, naamlik gebed, doksologie, getuienis, leer en belydenis. En van die allergrootste belang, sê Schlink, is om in te sien dat die geloofsantwoord alleen dán aan die strukturele norm van die Skrif voldoen wanneer dit in hierdie volle morfologiese totaliteit gegee word. Wanneer een of meer van die grondvorme van geloofsuitsprake ten opsigte van die ander verabsoluteer word, het dit nie alleen formele nie maar ook inhoudelike konsekwensies en lei dit daartoe dat die oorspronklike Christelike

boodskap in onsuivere perspektief te staan kom.

Die ontstaan van 'n derglike onsuivere perspektief op die Christelike geloof is 'n konstante gevaar vir die kerk. Dit is 'n stelling wat deur 'n vlugtige blik op die kerkgeskiedenis bevestig kan word. Dit blyk naamlik dat teen die vyfde eeu die leer-element met die daarmee gepaardgaande neiging tot sistematiek die ander grondvorme van geloofsuitsprake gaan oorheers.

'n Simptoom van hierdie verskuiwing kan opgemerk word wanneer 'n mens die inleidingsformules by, byvoorbeeld, die Apostoliese Geloofsbelijdenis, die Geloofsbelijdenis van Nicea en die Simbool van Chalcedon met mekaar vergelyk. By die Apostolicum sowel as by Nicea is die inleidingsformule "credo" oftewel "ek glo". Maar by die belijdenis van Chalcedon is die inleidingsfrase "ons leer dat geglo moet word". Hierdie skynbaar onbelangrike terminologiese wisseling is egter die aanduiding van 'n belangrike verskuiwing in die geloofsbegrip. Die geloof word hier naamlik hoofsaaklik 'n kennisaangeleentheid - soos dit meermale kenmerkend was van die kerk in 'n Hellenistiese omgewing<sup>21</sup>. Die gevolg is dat die geloof as lewensomvattende eksistensiële werklikheid tot slegs 'n enkele faset daarvan gereduseer word.

'n Tweede vorm van vereensydiging en reduksie in die belijdenisbegrip tree na vore wanneer die Christendom staatsgodsdienst word. Die Christelike belijdenis begin nou funksioneer as godsdienstige grondslag vir die politiek van die staatsowerheid. Soos eerder reeds vermeld is, kan aan kerklike belijdenisse selfs staatsregtelike karakter toegeken word. Dit bring mee dat mense die Christelike geloof moes aanvaar bloot omdat hulle hulle in 'n bepaalde politieke invloedssfeer bevind. Vir die Christelike geloof het dit mettertyd fatale gevolge gehad want dit bring mee dat die juridies funksie van die geloofsuitspraak ten opsigte van die ander grondvorme daarvan verabsoluteer word. Die belijdenis is nou nie meer 'n gegewe wat op grond van die getuiskarakter daarvan, deur inherente geestelike krag oproep tot deelname daaraan nie. Dit het 'n grootheid geword wat op grond van formele gesag aanvaar moes word. Soos so dikwels in die Romeinse kultuurwêreld die geval was, het die belijdenis 'n regsdecreet of 'n regsordening geword<sup>22</sup>. Alhoewel hierdie ontwikkeling hier in die skynbare vertes van 'n afgeleë geskiedenis aangewys word, is dit natuurlik 'n gevaar wat die kerk in elke fase van sy bestaan bedreig.

Hierdie juridiksionele formalisering van die geloofsuitspraak en die eerder reeds vermelde verteoretisering daarvan sou as onsuivere perspektief op die evangelie nog verder verdiep word wanneer dit in die vóórreformatoriese kerk en teologie verbind word met 'n inhoudelik teologiese verskuiwing in opvatting aangaande die aard van die openbaring en die daarmee korrelerende geloof<sup>23</sup>. Op grond van

die veronderstelling dat die Heilige Skrif 'n duistere Boek sou wees en alleen openbaringsfunksie verkry as dit normatief deur die kerklike leeramp uitgelê word, verskuif die openbaringsbron van die inhoudelike boodskap van die Skrif na die normatiewe leeramp van die kerk. En aldus word die geloof wat deur die Openbaring opgeroep word van 'n morfologies integrale uitspraak versmal tot formele gehoorsaamheid. In terme van hierdie begrip van Openbaring en geloof word die dogma 'n deur 'n bepaalde kerk in regsterme geformuleerde uitspraak wat as sodanig dan die onfeilbare weergawe van 'n geopenbaarde waarheid sou wees.

Hiermee het ons nou langs vorm- en kerkhistoriese weg uitgekom op dieselfde punt waarby die eerdere begripshistoriese ondersoek in verband met die term "dogma" ons uitbring het, naamlik by wat genoem kan word 'n dogmatistiese of 'n onhistoriese dogmabegrip. Maar dit is nou van beslissende belang om duidelik te stel dat die dogmatistiese dogmabegrip waaraan die term "dogma" mettertyd verbonde geraak het, berus op 'n deformatsie van die fenomeen van die dogmatiese soos dit in die normatiewe formulering van die evangelie aanwesig was. Hierdie deformatsie hang saam met 'n eensydige verabsoluttering van die leer- en juridiese element in die kategoriale modus van geloofsuitsprake. Dit is juis op grond van hierdie eensydige verabsoluttering dat die fenomeen van die dogmatiese geïsoleer geraak het van die kerugma en die geskiedenis. Die moontlikheid daarvan om hierdie probleem wat aan die begin aangedui is op te los, berus daarop dat 'n begrip van openbaring en geloof gehandhaaf word waarin die integraliteit in die kategoriale modus van geloofsuitsprake moontlik gemaak word. Presies dit kan in 'n teologie bereik word waarin die leer oor die duidelikheid van die Skrif soos dit in die Reformatoriese leuse van die *sola scriptura* neerslag gevind het, konsekwent gehandhaaf word. Indien dit geskied, is die weg oop om aan die kerklike belydenis en dogma die rol toe te ken wat dit verdien naamlik as eksistensiële uitdrukking van die Christelike geloof.

#### IV

Wanneer dit gedoen word, sal duidelik wees dat in teenstelling met wat in die liberale teologie van die Aufklärungstyd gemeen is, die werklikheid van die geskiedenis nie 'n bedreiging is vir die dogma en die dogmatiek nie maar juis die moontlikheidsvoorwaarde daarvoor. Daarom is dit opvallend dat pas met die aanvanklike ontwaking van die historiese bewussyn in die sewentiende eeu die dogmatiek as afsonderlike dissipline begin ontwikkel<sup>24</sup>. Natuurlik dateer die teologie as intellektuele dissipline veel verder terug in die geskiedenis. Maar voor die sewentiende eeu was dit nog 'n ineengeweefde geheel waarin soms die histories-eksegetiese benadering en soms die sistematiserend - dogmatiese aanpak die

grootste klem gekry het. Maar in die sewentiende eeu breek die insig deur dat Skrif en belydenis nie 'n ongedifferensieerde geheel is nie en dat alhoewel hulle nie geheel en al geskei kan word nie hulle tog wel deeglik onderskei moet word. En dat wat akademiese studie betref hulle in verskillende dissiplines met verskillende metodes bestudeer moet word.

Die onderskeid tussen Skrif en belydenis is 'n aangeleentheid wat van vroeg af al intense aandag in die Reformatoriese teologie ontvang het al is die verhouding wat hier ter sprake is nie altyd duidelik genoeg beskryf nie. Daar is intuïtief aangevoel dat Skrif en belydenis nie aan mekaar gelykgestel kan word nie. Daarom word tussen Skrif en belydenis onderskei deur die verhouding tussen hulle te beskryf as dié van 'n *norma normans* en 'n *norma normata*. Maar tog word dan nog steeds gesê dat wat inhoud betref daar identiteit tussen hulle bestaan. Maar die stelling van 'n inhoudelike identiteit is egter problematies. Want hoe kan 'n mens die inhoud van 'n uitspraak agterhaal sonder om van die vorm daarvan kennis te neem? Daarom is die vorm - inhoud - skema nie geskik om die verhouding tussen die Woord van God en die kerklike leer uit te druk nie. Die juiste verhouding kan alleen op die spoor gekom word as 'n mens rekening hou met die tydsafstand wat bestaan tussen die Skrif as oorspronklike en normatiewe betuiging van Gods Woord en die kerklike belydenis as menslike reaksie daarop uit 'n later tyd. En die verhouding tussen dié twee is nou nie dié van identifikasie nie maar van interpretasie en interpretasie dan in die sin dat die belydenis die wyse is waarop die Skrif sy gesag in 'n bepaalde historiese situasie laat geld. As interpretasie van die Skrif is daar in die funksionering van die belydenis ook steeds in mindere of meerdere mate 'n teologiese moment aanwesig. Daarom kan 'n geskied soos die Heidelbergse Kategismus 'n belydenis wees al bevat dit heelwat teologiese beredenering. Skrif, prediking, belydenis en teologie is nie gegewens wat van mekaar geïsoleer kan word nie. Hulle is almal dimensies of waarheidsgestaltes in die geskied van Gods Woord. Uiteraard gaan dit nie om waarheidsgestaltes wat op dieselfde vlak lê nie en sal 'n mens hier moet praat van 'n hierargie van waarheidsgestaltes.

In die lig van enkele van die uitgangspunte wat tot sover ontwikkel is, is dit nou moontlik om ten slotte kortliks in te gaan op die vraag wat die aard en belang van die dogmatologiese teologie is.

Alhoewel die dogmatologie 'n relatief selfstandige dissipline binne die geheel van die teologiese wetenskap is en as sodanig deur sy eie metodes en terminologie gekenmerk word, kan dit tog nooit losgemaak word van die ander teologiese dissiplines soos dit in die eksegetiese, historiese en praktiese vakke beoefen word nie. Net soos die omgekeerde ook waar is: ter wille van hulle teologiese aard kan ook die ander teologiese dissiplines hulle nie van die dogmatologie isoleer nie<sup>25</sup>.

Hierdie is 'n belangrike gesigspunt met ingrypende implikasies vir die inrigting van die teologiese kursus. Dit hou naamlik in dat sorg gedra moet word dat die fragmentering in hierdie studiegebied en die isolasie waarin die verskillende vakke mettertyd ten opsigte van mekaar te staan gekom het, so sterk as moontlik teengestaan moet word. In die studentgesentreerde benaderingswyse wat toenemend aan ons universiteit geïmplementeer word, kan die noodsaaklike verbande wat tussen kennisinhoude van verskillende vakke gelê moet word nie aan die voorlopig nog onervare student oorgelaat word nie. Dit sal in die kurrikula van die verskillende vakke self weerspieël moet word. Hierdie is 'n saak wat vir die departement Dogmatiek hoog op die agenda sal staan.

Maar nou is dit belangrik om te beklemtoon dat net soos 'n bepaalde teologiese dissipline hom nie uit die geheel van die teologie kan losmaak nie net so kan die teologiese wetenskap in sy geheel hom nie losmaak uit die breë verband wat gevorm word deur die omvattende gebeure waarin die boodskap van die genadige bemoeienis van God met die mens beweeg van die Bybelse betuiging daarvan tot en met die wyse waarop dit in die hede vertolk word in kerklike belydenis en persoonlike getuienis nie. Hoe belangrik die wetenskaplike gestaltes en prosedures van die teologie ook al is, die diepste lewenskern daarvan word in die religieuse aard daarvan gevind.

Die teologie kom op uit 'n verhouding met die lewende God. Maar daarmee is nou ook die diepe erns van die teologie aangedui en bevestig. As die teologie hom met die Woord van God besighou, dit wil sê as hy die sprekende teenwoordigheid van God by die mense moet betuig en verantwoord dan is dit 'n saak van die allergrootste verantwoordelikheid; 'n verantwoordelikheid wat nie anders as in 'n gesindheid van die diepste eerbied aanvaar kan word nie (kyk 1 Petr. 3:15 en 16).

Die verantwoordende karakter wat kenmerkend is van die teologie in die algemeen kom juis in die dogmatologiese dissiplines op 'n besondere wyse tot toespitsing. Dit is die geval omdat die gelowige se bevestiging van sy verhouding tot God juis in die belydenis of dogma uitdrukking vind. Die belydenis is steeds 'n meervoudige gebeure: dit is sowel die daad van aanvaarding van Gods heilsweldade en beloftes as die kernagtige weergawe van die inhoud daarvan in 'n bepaalde historiese situasie.

In die dogmatologiese teologie word die kerklike dogma wetenskaplik bestudeer. Omdat die dogma 'n meervoudige werklikheid is, word dit in 'n meervoudigheid van dissiplines bestudeer soos nog aangetoon sal word.

Wanneer meer konkreet gevra word na die metode wat in die dogmatologie aangewend word, blyk dit basies tweevoudig te wees teweete histories of deskriptief enersyds en dogmaties of performatief andersyds. In die eerste plek is die

dogmatikus geïnteresseerd in die wyse waarop die geloof in die loop van die eeue bely is. Anders gesê: die dogmatikus is geïnteresseerd in die weg wat die Here God deur sy Woord en Gees met die kerk deur die geskiedenis heen gegaan het. Dit is daardie weg wat neerslag vind in die belydenis van die kerk. Wat is presies geglo en bely en hoe is dit gedoen? Het die belydenis mettertyd gegroei en ontwikkel? Waarom het dit gebeur en watter faktore het daartoe bygedra? Vrae soos hierdie word in die dogmatologiese subdissiplines soos die simboliek en die dogmageskiedenis ondersoek.

Maar die dogmatikus is nie alleen geïnteresseerd in die geloof wat in die verlede bely is nie. Hy spits hom ook toe op die vraag hoe die geloof in die hede bely word en bely kan word. Hoe moet ons ons geloofsoortuiging hier en nou formuleer sodat dit deur die mense van ons tyd verstaan en meegemaak kan word? Hoe hang ons geloofsoortuiging saam met die totaliteit van die kennis wat ons oor die werklikheid het? Juis omdat die dogmatiek hierdie vraag stel, hoort hy aan die universiteit tuis. Verder vra die dogmatiek na die geloofsoortuigings en kennisaansprake waartoe die Heilige Skrif die kerk oor die eeue heen gelei het en wat die implikasies daarvan is vir die manier waarop die kerk die Bybel lees. Daarmee is dus ook gesê dat die dogmatiek veral 'n hermeneutiese funksie het.

Wat is die implikasies van 'n mens se geloofsoortuiging vir die manier waarop jy in 'n moderne wêreld moet leef? En hoe kan die Christelike geloof gehandhaaf en verantwoord word teenoor al die on-Christelike en buite - Christelike lewenshoudings wat so vinnig veld wen? Dit is die soort vraagstukke wat onderskeidelik in die onderafdelings dogmatiek, die Christelike etiek en die apologetiek aan die orde gestel word.

Uit die voorafgaande sal duidelik wees dat wie die dogmatologiese taak op 'n verantwoordelike wyse wil hanteer nie alleen die in aanmerking komende teologiese materiaal moet beheers nie maar ook oor 'n deeglike vorming in 'n veelheid van hulpwetenskappe soos die klassieke tale, die kultuurgeskiedenis, die wysbegeerte en die moderne menswetenskappe sal moet beskik. Dit sal een van die groot uitdagings vir die teologiese kursus bly om enersyds die voordele van die huidige geïntegreerde teologiese kursus te behou maar om andersyds tog ook genoeg voorsiening te maak daarvoor dat die studente hulle kennis en bekwaamhede op die gebied van die humaniora so goed as moontlik kan ontwikkel. Daarsonder is selfstandige dogmatologiese werk beswaarlik te verrig.

Maar dit sal eweneens duidelik wees dat die dogmatologie nie slegs 'n dissipline is wat hom met abstrakte en teoretiese aangeleenthede besig hou nie. Ten spyte van die streng beredenerende en sistematiserende karakter wat hierdie vak soms wel het, is dit tog ook so dat daar geen enkele faset van die praktiese kerklike



bediening is waarvan die grondprobleme nie in die dogmatologiese dissiplines aan die orde kom nie. So het iedere preek 'n leerstellige dimensie en elke pastorale handeling 'n faset wat, onder andere, ook om dogmatiese deurdenking vra. Geen voornemende predikant kan dit dus bekostig om sy dogmatologiese vorming en voortgesette vorming te verwaarloos nie.

Wanneer 'n mens dus vra na die betekenis van die dogmatologie is die antwoord in eerste instansie dat hierdie vak 'n fundamentele bydrae lewer tot die algemene teologiese en kerklike oriëntasie en toerusting wat nodig is vir 'n sinvolle en verantwoordelike bekleding van die predikantsamp. Maar dit is nie net kerklike ampsdraers in die besondere sin van die woord wat by die beoefening van die dogmatologie baat vind nie. Dit geld in feite enige gelowige wat oor die erns en toewyding beskik om hom of haar in hierdie studierigting in te grawe. Langs hierdie weg kan nie alleen die eie geloofslewe verdiep word nie maar ook dié van die geloofsgemeenskap waartoe so iemand behoort.

Laastens kan die aandag daarop gevestig word dat die dogmatologie nie alleen binne die ruimte van die kerk funksioneer nie maar dat dit as wetenskap ook aan die universiteit tuis is. As sodanig lewer dit ook 'n fundamentele bydrae tot die wetenskapsbeoefening in die algemeen. Met die vermelding van slegs twee voorbeelde in hierdie verband kan volstaan word. Tot die taak van die dogmatologie behoort, naas alles wat hierbo vermeld is, ook die fundamentele besinning oor die wetenskapskarakter en kenleer van die teologie. Juis in hierdie verband word daar vanuit die departement dogmatologie bydraes gemaak tot die wetenskapsteorie in die algemeen. Verder is dit ook so dat in die huidige tyd in 'n toenemende mate besef word dat die wetenskapsbeoefening ook rekening moet hou met die morele implikasies wat daaraan verbonde is. Juis in hierdie verband kan die dogmatologie in die breëre universiteitsverband 'n betekenisvolle bydrae lewer. Dit is dus begryplik dat van verskeie kante gevra word dat die Christelike etiek ingesluit moet word in 'n interdissiplinêre kursus wat gerig is op die algemene vorming van wetenskapsmense van alle fakulteite.

Alles in ag genome is dit dus duidelik dat die dogmatologie veel meer praktiese nut het as wat algemeen besef word. Die oppervlakkige assosiasie wat die benaming dogmatologie oproep as sou dit om 'n onpraktiese en onwetenskaplike bedryf gaan, blyk volledig ongegrond te wees. Dit is 'n dissipline wat grondige bestudering en selfs lewenslange toewyding in alle opsigte regverdig.

## Notas

1. Vgl. onder andere G.O'Collins, *Has Dogma a Future?* London: Darton, Longman and Todd, 1975, p.6. Kyk ook A.E. McGrath, *The Genesis of Doctrine*. Oxford: Basil Blackwell, 1990, p.9.
2. Vgl. J Kamphuis, *Dogma's - wat doe je ermee? Staan dogma's de persoonlike geloofsbeleving in de weg?* Haarlem: Vijlbrief, 1988, p.9.
3. In verband met die teologie van die Aufklärungstyd kan die volgende geraadpleeg word: K. Aner, *Die Theologie der Lessingzeit*. Hildesheim: Georg Olms, 1964; E. Cassirer, *Die Philosophie der Aufklärung*. Tübingen: Mohr, 1932 asook W. Philipp, *Das Werden der Aufklärung in theologiegeschichtlicher Sicht*. Göttingen: Vandenhoeck und Ruprecht, 1957.
4. A. von Harnack, *Lehrbuch der Dogmengeschichte I*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft, 1964, p.18.
5. Vgl. C. Walther, "Zur Struktur der Dogmenkritik in der neueren protestantischen Dogmengeschichtsschreibung, ihrer inneren Begründung und Absicht", in: *Zeitschrift für Kirchengeschichte* 70, 1959, p.109.
6. Vgl. K. Rahner en K. Lehmann, "Kerygma und Dogma", in H.U von Balthasar et al. (Hrsg), *Mysterium Salutis. Grundriss heilsgeschichtlicher Dogmatik*, Band I. Einsiedeln - Zürich - Köln: Benziger Verlag, 1965, pp 622-703 en G. Söll, *Dogma und Dogmenentwicklung*. Freiburg-Basel-Wien: Herder, 1971.
7. Vgl. Contra *Celsum III*, 39. Kyk verder ook M. Elze, "Der Begriff des Dogmas in der Alten Kirche", in: *Zeitschrift für Theologie und Kirche* 61, 1964, p.428.
8. Vgl. M. Elze, *a.art.*, p.432.
9. Vgl B. Häggglund, "Die Bedeutung der 'regula fidei' als Grundlage theologischer Aussagen", in: *Studia Theologica* 12, 1958, pp 1-44 asook L. Hödl, "Articulus fidei, eine begriffsgeschichtliche Arbeit", in: J. Ratzinger und H. Fries (Hrsg), *Einsicht und Glaube*. Freiburg-Basel-Wien: Herder, 1962, pp.358-376.
10. Die term dogma kom in die volgende tekste voor: Luk. 2:1, Hand. 16:4, Hand. 17:7, Ef. 2:15, Kol. 2:14 en in die Codex Alexandrinus se weergawe van Hebr. 11:23.
11. In wet 131 van keiser Justinianus kom die volgende sinsnede voor: "Praedictarum enim quattuor synodorum dogmata sicut sanctas scripturas accipimus et regulas sicut leges servamus" (Kyk C. Mirbt und K. Aland, *Quellen zur Geschichte des Papsttums und des Römischen Katholizismus*. Band I. Tübingen: Mohr, 1967, p.242.).
12. Kyk J.-P. Migne, *Patrologia Latina* 50, 637-686. Die volledige titel van hierdie werk is "Commonitorium pro catholicae fidei antiquitate et universitate adversus profanas omnium haereticorum novitates".
13. Vgl. *Commonitorium* 20(25): "... ex toto ecclesiae dogmate, quod intellectu capi potest, capiant, quod non potest, credant."
14. Oor hierdie problematiek vgl. G.C. Berkouwer, *Vatikaans Concilie en nieuwe theologie*. Kampen: Kok, 1965, p.61 e.v.

15. Wat die “Modernisme” betref, vgl. die ensikliek “Pascendi dominici gregis” van 8 September 1907. Teen die “nouvelle théologie” is stelling ingeneem in die ensikliek “Humani generis” van 12 Augustus 1950.
16. Vir ’n oorsig oor die steeds voortgaande diskussie oor die onfeilbaarheidsleer in die Rooms-Katolieke teologie vgl. W. Kasper, “Freiheit des Evangeliums und dogmatische Bindung in der Katholischen Theologie”, in: Idem, *Theologie und Kirche*. Mainz: Grünewald, 1987, pp 43-71.
17. Die omskrywende term “die kategorie van die dogmatiese” is vanweë sy omvang nie altyd maklik in allerlei sinswendinge hanteerbaar nie. Daarom word in die plek daarvan dikwels eenvoudig van “dogma” gepraat. In derglyke gevalle sal uit die verband blyk of daarmee die engere of wyere begrip dogma bedoel word.
18. Vir ’n oorsig oor die literatuur in hierdie verband vgl. my studie *Dogma en verstaanshorison*. Amsterdam: Rodopi, 1977, p.54 e.v.
19. Dié onderskeiding kom oorspronklik voor by K. Holl, H. Lietzmann en R. Seeberg. Die konsekwensie daarvan vir die Nuwe Testamentiese eksegeese is uitgewerk deur, onder andere, H. Conzelmann en W. Kramer.
20. Vgl. E. Schlink, “Die Struktur der dogmatischen Aussage als ökumenisches Problem”, in: Idem, *Der kommende Christus und die Kirchlichen Traditionen*. Göttingen: Vandenhoeck und Ruprecht, 1963. pp. 24-79.
21. Vgl. H. Küng, *Die Kirche*. Freiburg-Basel-Wien: Herder, 1967, p.18.
22. Kyk H. Küng, *op. cit.*, p.21.
23. Vgl. H.W. Rossouw, *Klaarheid en Interpretasie*. Amsterdam: Jacob van Campen, 1963.
24. Vgl. G. Ebeling, “Der Wortsinn von Dogmatik”, in: Idem, *Theologie und Verkündigung*. Tübingen: Mohr, 1962, pp. 105-109. Van dieselfde outeur is in hierdie verband ook van belang *Studium der Theologie. Eine enzyklopädische Orientierung*. Tübingen: Mohr, 1975, pp. 130-145. Kyk ook W. Pannenberg, *Wissenschaftstheorie und Theologie*. Frankfurt am Main: Suhrkamp Verlag, 1973, pp. 406-425.
25. Vgl. E. Jüngel, “Das Verhältnis dert theologischen Disziplinen untereinander”, in: Idem, *Unterwegs zur Sache*. München: Kaiser, 1972, pp. 34-59.